

Wat Verwag Liefde van My - 10 Feb 2019

Verlede week het ek met u gesels oor God se liefde en Jesus se offer vir ons en ek het die die vraag gestel: “wat is dit vir so baie mense?”

As ons dan aanvaar wat Jesus vir ons gedoen het en ons besef werklik wat Christus se offer vir die wêreld beteken dan is die die volgende amper logiese vraag: Wat verwag Liefde van my?

[Joh 6:28](#) “Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang”

Hoeveel keer gebeur dit dat ons met mense gesels oor kerk en oor Godsdienste en oor ons betrokkenheid by die gemeente, net om te hoor dat hulle was ook eens baie betrokke en hulle het dit so baie geniet en hulle gaan nie meer kerk toe nie WANT. . . . en dan sal hulle opmerk “EK MOET MY LEWE WEER IN ORDE KRY SODAT EK WEER KAN KERK TOE GAAN.

Hoeveel keer hoor ons dat mense reken dat hulle eers aan hulself moet werk en aan hulself moet verander en eer van daardie gewoonte of omstandighede moet ontslae raak voordat hulle betrokke kan raak by die kerk?

Ek is van mening dat mense so verskriklik gesteld is “Wat sal die mense sê” en so gesteld is op die wet en die lering van tradisie en self righteousness. Dis tog al wat baie mense leer. As jy nie dit doen nie dan kan jy nie deel wees van die kerk nie. Iemand wat kerk toe gaan moet so leef en so optree nie hierdie dinge doen nie.

Ons probeer ons self in spesifieke boksies pak en skryf vir ons seker self help prosedures voor voordat ons kan kerk toe gaan.

Maar Jesus kom vertel vir ons dat ons moet anders dink as wat ons tot nou toe gedink het, ons moet anders glo as wat ons tot nou toe geglo het, dan wanneer ons geloof en gedagtes verander is sal ons krag ontvang om anders te leef as wat ons tot nou toe geleef het.

En al wat Jesus vir ons vertel is dat ons die fokus van onself af moet verskuif na Hom wat deur die Vader gestuur het.

Al wat Jesus vir ons vertel is dat ons moet ophou om in ons eie krag te probeer om God te behaag en dat ons eerder ons energie moet bestee om tot geloof in Christus te kom.

Paulus skryf in [EFESIERS 4:23](#) “Julle gees en gedagtes moet nuut word.”

1. Liefde verwag van my om my denke te verander. Om my fokus te verskuif. Om te glo in die Een wat die Vader gestuur het. Want my regverdig making / my geregtigheid is in geloof in HOM nie in die wette wat ek na kom nie.

In ‘n film getiteld “The Last Samurai” speel Tom Cruise die rol van Kaptein Nathan Algren van die Amerikaanse weermag wat deur die Japanese Keiser gehuur word om sy mense te leer om die antieke Samurai te beveg. In ‘n bloedige geveg gebeur dit dan dat kapt Algren swaar gewond word maar tog daarin slaag om een van die Samurai se mees ervare lede dood te maak. Dan word hy terwyl hy erg gewond is na die Samurai se nedersetting geneem waar die persoon wat hy dood gemaak het se vrou hom moet versorg.

Hy het die man van die huis dood gemaak en maar die man se vrou versorg hom. Hierdie is 'n baie interessante manier waarop ons gewys word hoedat 'n vrou haar vyand versorg.

In 2 Konings 6:8-23 lees ons van die Koning van Aram wat Israel wil binne val maar elke keer wanneer hy met sy offisiere reël om iewers kamp op te slaan dan word hulle planne verydel deurdat God aan Elisa vertel waar hulle is.

Met een geleentheid het die koning van Aram manskappe gestuur om vir Elisa gevange te neem en ons lees hoedat die here op gebed van Elisa die manne blind maak en Elisa neem hulle tot by die koning van Israel in Samaria.

Toe Israel se koning die manne wil doodmaak toe vertel Elisa vir hom nee hy mag dit nie doen nie. Hy moet vir hulle kos en water gee sodat hulle kan terug gaan huis toe.

Jesus wil hê dat ons in vrede moet leef met alle mense en daarom sê hy in: [JOHANNES 15:17 \(AFR83\)](#)

“Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!”

In 2012 vertel Rabbi Daniel Lapin vanuit 'n Joodse perspektief, dat die enigste manier om God te vrede te stel is om na sy kinders om te sien.

God wants you to learn to love doing what other people need you to do?

En Paulus skryf aan die gemeente in Rome:

[ROMEINE 13:10 \(AFR83\)](#)

“Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet.”

2. Liefde verwag van my om almal lief te hê soos wat Christus hulle lief het.

'n Paar jaar gelede, een Vrydag middag besluit ek dat ek gaan middag ete by die huis geniet. Terwyl ek in Heidelberg weg tussen Boksburg en Brakpan ry sien ek 'n man langs die pad stap en ek stop om te hoor waarheen hy op pad is. Hy was op pad na Heidelberg en ek bied toe aan om hom 'n geleentheid te gee tot by die N17 snelweg.

Toe hy in die kar klim, toe kry ek myself jammer want die man ruik nie goed nie. Ek vra vir die man wanneer laas het hy geëet en wanneer laas het hy gebed? En ek bied aan dat hy saam met my huis toe kan gaan, ek gaan nou kos maak so hy kan saam eet maar terwyl ek kos maak kan hy gaan bad.

Ek gee toe vir hom 'n mooi hemp en 'n denim om aan te trek, Hy kan sy klere hou maar my skoon klere vir hom vat.

Terwyl ek en die man daar sit en gesels besef ek maar dit is wat God van ons verwag. Dit is wat Liefde van my verwag.

Robert Morris vertel in sy boodskap oor Blessed Life dat 'n verslag gewer vra vir hom hoe gereeld preek hy oor gee. “Giving” Robert sê elke Sondag. Hy sê dat hy preek 1 keer elke drie jaar oor finansies en Rentmeesterskap maar Hy praat elke week oor gee want God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het. Ons kan nie van genade praat sonder om te praat oor “gee”

[MATTEUS 25:34 - 37 \(AFR83\)](#)

34) “Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: ‘Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, 35) want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; 36) Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.’ 37) Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: ‘Here, wanneer.’”

40 “En die Koning sal hulle antwoord: ‘Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.’”

3. Liefde verwag van my dat ek vrygewig moet wees. Dat ek dit wat die Here my mee seën met ander deel. Wanneer ons praat van gee dan praat ons nie net van geld nie en ook nie net gee vir die Kerk nie.

Broer Gerrie Botes het in die week ‘n berig met ons gedeel wat hy gelees het in verlede Sondag se Rapport koerant. Die storie van Ds Tewie Pieters wat ‘n aangrypende verskil maak in Coligny nadat die dorp in 2017 as gevolg van die dood van ‘n seun, uitmekaar geruk is.

In hierdie storie lees ons hoedat baie mense, vele kerke vir lang ure vergader het en gepraat het oor hoe hulle ‘n verskil gaan maak in die dorp en hoe hulle die gemeenskap gaan bereik vir Christus. Almal was vol idees en planne maar die dag toe hulle moet oorgaan tot aksie, vertel Ds Tewie Pieters, staan hy alleen. Hy vertel hoe hy voort gegaan het met sy plan. Hy het begin werk en later het die mense van die dorp gesien wat hy doen en hom begin bystaan. Maar dit het 1 man gekos om aksie te neem, om op te hou praat oor dinge en begin doen.

1 Man het anders gedink, 1 Man het uitgereik na ander, 1 man het begin gee wat hy het om te gee en deur sy aksies het daar ‘n verskil gekom in die hele dorp.

4. Liefde verwag van my om die verskil te wees wat ek graag wil hê in die wêreld

[FILIPPENSE 2:5](#)

5” Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:”

[LUKAS 6:27](#)

27”Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word;”

Baie mense wat hierdie boodskap hoor sal reken dat dit verskriklik eenvoudig is of hulle sal dink dat dit verskriklik moeilik is. Die waarheid is dat dit wat Christus van ons verwag, dit wat LIEFDE van ons verwag is nie regtig moeilik nie maar dit is baie veeleisend.

Hierdie Evangelie van Liefde plaas baie hoë verwagtinge op die persoon wat daaraan deel wil hê. Hierdie Evangelie van Liefde eis ‘n baie hoë prys en dit mag dalk ook die rede wees waarom baie mense die evangelie verwerp en waarom baie mense nie gemaklik is met die kerk nie.

[MATTEUS 7:24,26 \(AFR83\)](#)

24”Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met ‘n verstandige man wat sy huis op rots gebou het.

26“En *elkeen wat hierdie* woorde *van My* hoor en nie daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met 'n dwaas *wat sy huis op sand gebou het.*”

Liefde plaas my in 'n posisie van waar ek Liefde leef en nie Wet probeer vervul nie.